© Kopiereg

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde 1 – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-

*Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van **HADVOA** toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen **H**akies is, dan **A**nder (vierkantswortels, mag van, ens.), dan **D**eel en **V**ermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, **O**ptel en **A**ftrek (ook van links na regs).*

Skaal van plekwaardes



1. Waaraan is 55 honderde gelyk?

(a) 55 100 (b) 5 500

(c) 550 (d) 55

2. Wat is die waarde van die 6 in 3 649 *plus* die waarde van die 3 in 8 435?

(a) 6 300 (b) 9 (c) 63 (d) 630

3. 72 honderde + 33 honderde = ……

(a) 10 500 (b) 105 (c) 1 050 (d) 139

4. Watter van die volgende is geskryf in dalende volgorde *(grootste na kleinste)*?

(a) 120, 45 + 70, 21 x 6, 110 – 60

(b) 630, 25 x 7, 1 000 - 300, 630 – 30

(c) 774, 382, 86 x 5, 1200 – 1 000

(d) 6 400, 50 x 6, 70 + 28, 130 - 40

Het jy geweet?

- *'n **Faktor** is 'n getal wat presies deel in 'n ander telgetal Bv. die faktore van 12 is 1, 12, 2, 6, 3, 4, want hul almal deel presies in 12.*
- ***Veelvoude** is die antwoorde wat ons kry wanneer daar elke keer met dieselfde getal vermenigvuldig word. Die sesde veelvoud van 5 is 30 (6x5=30). 5 deel presies in 30, dus is 30 'n veelvoud van 5.*
- *Deeltal ÷ deler = kwosiënt.*
- *Som is die antwoord van 'n optelsom.*
- *Produk is die antwoord van 'n vermenigvuldigsom.*
- *Verskil is die antwoord van 'n aftreksom.*

5. Watter van die volgende is die naaste skatting (raai) van 8 898 x 6?

(a) 8 800 x 6 (b) 8 898 x 10

(c) 8 900 x 6 (d) 9 000 x 6

6. Die verskil tussen die 5de veelvoud van 7 en die 3de veelvoud van 2 is …… .

(a) 41 (b) 22 (c) 24 (d) 29

7. Watter van die volgende groepe getalle is faktore van 54?

(a) 6,8,9 (b) 2,3,8

(c) 3,9,18 (d) 6,9,14

Kyk na die venndiagram hieronder en vind 'n patroon in die getalle.



8. Wat is die ontbrekende getal?

(a) 15 (b) 26 (c) 4 (d) 20